



# **HANDLEIDING VIR OPTIMALE SKAAPBOERDERY**

---

**VRYSTAAT EN NOORD-OOS KAAP**

**J.L. Venter**

# INHOUDSOPGAWE

	<b>Bladsy</b>
1. Algemene Rambestuur	2
2. Bestuur van Ramme tydens paartyd	3
3. Ram aankope	4
4. Rambestuurspraktyke voor paartyd	5
5. Ooibestuur voor paartyd	6
6. Ooibestuur tydens paartyd	7
7. Ooibestuur tydens Mid-dragtigheid	9
8. Ooibestuur tydens Laat-dragtigheid	10
9. Lamtyd - Beginstadium van lam	10
10. Lamtyd – tot na laaste lam	11
11. Lamtyd – na laaste lam gebore is tot speentyd	12
12. Voervloei beplanning	12
13. Algemene bestuurspraktyke om reproduksie te verhoog	13
14. Kastrasie en stertafsit	14
15. Die speen van lammers	17
16. Instandhouding van ooi kuddes	18
17. Skeertyd	19
18. Hantering van skape	21
19. Dosering	22

## 1. ALGEMENE RAMBESTUUR

- 1.1 Ramme moet vrugbaar en dekbeholding wees. Doen vrugbaarheids toetse voor elke paring en skot ramme uit wat na die hertoetsing nie vrugbaar is of swak saad produseer. Indien u ramme aankoop dring aan op 'n geslagsgeskiktheid-sertifikaat. Ramme moet manlik wees en manlike gedrag openbaar. Daar bestaan 'n positiewe verband tussen testis grootte van die ramme en geslagsrypheid by jong ootjies binne 'n kudde. Testis grootte en fermheid van die testis speel ook 'n belangrike rol in die produksie van sperme. Ramme se testis moet so groot soos twee Black Label bier blikkies in omtrek wees en ook do hoog soos die blikkies.
- 1.2 Ramme moet van 8 weke voor paring hoë gehalte voeding kry.
- 1.3 Skeer nou ook die ramme sodat hulle makliker kan werk.
- 1.4 Gaan stap met die ramme, ongeveer 2 km/dag maar moenie hulle aanjaag dat hulle asems jag nie. Kry hulle fiks om te kan werk sonder om hulle vrugbaarheid te benadeel.
- 1.5 Koop ramme betyds aan sodat hulle genoeg tyd het om voor die teelseisoen te akklimatiseer. Omgewingsverskille kan tot tydelike onvrugbaarheid aanleiding gee.
- 1.6 Vermy ramme met sagte en pap testis, want ongeveer 50% van hulle het swak saadkwaliteit teenoor 5% van ramme met ferm en elastiese testis.

- 1.7 Ramme moet ongeveer 8 – 10 weke voor paar geskeer word.
- 1.8 Ondersoek ramme op gereelde basis vir klou, testis en ander probleme (soos brommer aanvalle)
- 1.9 Teelramme moet vier tot ses weke voor paring teen bloednier en neuswurms doseer word. Spuit entstowwe, wat ‘n koors-reaksie tot gevolg het, bv. Bloutong na die parseisoen omdat dit tydelike onvrugbaarheid tot gevolg kan hê.
- 1.10 Paar met kortwol. Langwol verhoog hittespanning wat weer libido (geslagsdrang) nadelig beïnvloed.
- 1.11 Vermy skeer en dip korter as ses weke voor paring en staak alle ander aktiwiteite en hantering twee weke voor paring.
- 1.12 Viriele ramme met ‘n goeie libido en dekbeheersing, wat vrugbaar is, wat gesond is en wat goed gevoed is, is noodsaaklik om die maksimum bevrugting van ooie te behaal.

## **2. BESTUUR VAN RAMME TYDENS PAARTYD**

- 2.1 Ramme is geweldig aktief gedurende die eerste 24uur nadat hulle tussen die ooie gekom het. Vir dié rede is dit belangrik om die ramme laatmiddag, wanneer dit koel is, vir die eerste keer tussen die ooie te sit. Hitte uitputting kan so verhoed word.
- 2.2 Ramme se vermoë om ‘n voldoende hoeveelheid ooie te dek neem af met verhoogde ouderdom.

2.3 Oppas vir die gebruik, om die helfte van die gebruiksramme vir 17dae en die ander helfte vir die res van die paarseisoen by die ooie te jag. Ooie wat gekoggel is kom in groot getalle op hitte en onvoldoende getal ramme kan tot laer konsepsies lei (3% ramme is veilig).

2.4 Sorg altyd vir voldoende koelte en skoon water.

2.5 Groot kampe met meer as een waterpunt kan negatiewe ram/ooi verhouding tot gevolg hê – maak ooie minstens eenkeer per week bymekaar.

2.6 As aanduiding van wanneer ooie gaan lam, kan u oorweeg om van merkers gebruik te maak. Ooie wat gedurende die eerste week gemerk word, sal bv. Eerste lam. Lamtroppe kan op dié manier doeltreffend bestuur word.

### **3. RAM AANKOPE**

3.1 Maak seker dat jou seleksiedoelwitte met dié van jou stoetteler ooreenstem. Ken jou teler en sy vermoëns, want jou kuddevordering is grootliks van sy teeltdoelwitte afhanklik (rondspringery tussen telers beperk genetiesevordering).

3.2 Selekteer 'n ram wat een van 'n meerling is, of kyk na die ma se leeftyd reproduksie rekords. Miskien is hy 'n enkeling maar al die ander lamkanse het die ooi meerlinge gehad. Hierdie praktyk sal kudde vrugbaarheid oor tyd verhoog.

3.3 Gebruik Blup-gegevens van ramme om 'n ingeligte besluit te maak by ram aankope.

3.4 Visuele beoordeling van eienskappe bly belangrik maar hulpmiddels soos BLUP en leeftydproduksierekords (prestasie meting) moet ook in ag geneem word.

3.5 Onthou ramme speel 'n groot rol (80%) in die genetiese vordering wat in die kudde gemaak word.

## **4 Rambestuurspraktyke voor paring**

4.1 Dit is 'n goeie praktyk om koggelramme vir 'n periode van 9 dae voorpaartyd in veral die lente, te gebruik.

4.2 Die ruik, sien en hoor van ramme is genoeg om ooie te sinchroniseer. (Onthou dat indien koggels gebruik word, hulle fisiese kontak met ooie moet maak.) Vir doeltreffende sinchronisasie moet ooie voor paartyd vir 'n periode van minstens 34 dae, maar verkieslik drie maande geen kontak met manlike diere (sluit ramlammers in) hê nie. (Ooie wat vir 'n periode van langer as 17 dae aan koggels blootgestel is, kan konsepie-probleme ontwikkel.)

4.3 Die gebruik van koggels het tot die gevolg dat ooie redelik gelyk op hitte kom en gekonsentreerd sal lam.

4.4 Koggelramme moet manlik, jonk en baie aktief wees. Indien dit die geval is, sal 1% koggels voldoende wees en kan beter konsepies ook verwag word.

4.5 Koggelramme moet gereeld deur jong koggels vervang word. Hulle raak mettertyd, weens 'n degenerasie van die testes, lui en onaktief.

4.6 Koggel die ooie met 1% viriële koggelramme (veral in die af-seisoen – lente)

4.7 Gebruik koggelramme, wat al gewerk het op jong ooie.

## **5. OOIBESTUUR VOOR PAARTYD**

5.1 Gaan alle ooie deur en gooi dié met uierprobleme uit.

5.2 Om maksimum besetting van jongooie te verkry, moet hulle 'n kritieke liggaamsmassa (75% van die volwasse ooi se massa) voor paring bereik.

5.3 Die optimale kondisietelling vir ooie wat ram toe gaan is 3,5 (boerkondisie).

5.4 Prikkelvoer ooie drie weke voor paar tot drie weke nadat ramme verwyder is. Dit sal lei tot verhoogde ovulasie en help om resorpsie te bekamp.

5.5 Prikkelvoeding kan gespaar word deur die ooie ses weke voor paartyd volgens kondisie in twee groepe te deel (goeie en skraal kondisie) en die voedingspeil so aan te pas dat albei groepe met paring in 'n goeie kondisie is.

5.6 Prikkel het weinig effek waar dit langer as vier weke voor paar toegepas word. Met lupien byvoeding kan die periode tot twee weke verkort word. Tans lyk dit asof die reaksie wat met lupienpitte as byvoeding verkry word, onafhanklik is van verandering in liggaamsmassa.

5.7 Skeer ooie indien moontlik – indien dit nie moontlik is nie, moet die ooie minstens gemikseer word. Hoër besetting word verkry wanneer ooie met kortwol gepaar word. Vermy skeer en dip van ooie korter as ses weke voor paring en staak alle ander aktiwiteite en hantering twee weke voor paring en 30 dae na paring.

## 6. OOIBESTUUR IN PAARTYD

6.1 Ooie kom gedurende die herfsparseisoen, wanneer maksimum ovulasie plaasvind, natuurlik op hitte.

6.2 Ent die ooie in teen siektes wat dodelik is vir die lammers (soos klostridiale siektes en longkwale)

6.3 Ooie kom elke 16 tot 17 dae op hitte met die gevolg dat 'n parseisoen van 34 dae voldoende is.

6.4 Jong ooie kom vir korter periodes (5 tot 24uur) op hitte teenoor volwasse ooie (12 tot 36uur).

6.5 Jong ootjies moet verkieslik meer ramme kry en vir bogenoemde rede apart van volwasse ooie gepaar word. Om die hoeveelheid ramme wat gebruik word te bepaal kan die volgende duimreël gebruik word.

6.6 Hierdie metode poog om die optimale aantal ramme te bepaal en maak voorsiening vir verskillend omstandighede wat kan voorkom

6.7 Gebruik 1% plus een ram by groot paargroepe



- 6.8 By kleiner paargroepe raak die risiko's groter en moet sekere aanpassings gemaak word. Aanpassings moet ook by die volgende moeilike omstandighede, waar 2 ekstra ramme aanbeveel word, vir elk van die volgende 'risikofaktore'.
- 6.8.1 Swakker voedingsomstandighede – ooie nie in stygende massa nie, of waar hulle onder die 'ideale paarmassa' van die kudde is
  - 6.8.2 Waar ooie in 'n kamp gepaar word waar weiding skraps is en hulle verder moet loop en wyer versprei is as onder 'normale' omstandighede.
  - 6.8.3 Buite die natuurlike teelseisoen van skape
  - 6.8.4 Jong ooitjies
  - 6.8.5 Waar 'n groot % jong en onervare ramme gebruik word.
  - 6.8.6 In groot kampe – veral as daar meer as 1 waterpunt is.
  - 6.8.7 By berg- en heuwelagtige kampe, asook die met baie bosse
  - 6.8.8 In warm dele van die land waar die spermkwaliteit van die ramme hierdeur geaffekteer word.
- 6.9 Bv. wanneer 400 jong ooitjies in 'n heuwelagtige, groot kamp gepaar word.
- 6.9.1 1% Ramme = 4 Ramme
  - 6.9.2 + 1 Ram
  - 6.9.3 Jong ooitjies= +2 Ramme
  - 6.9.4 Groot kamp= +2 Ramme
  - 6.9.5 Heuwelagtig= +2 Ramme
- 6.10 Daar behoort dus 'n total van 9 ramme gebruik te word in hierdie geval – 'n ram % van 2.25% of dan een ram per 44,4 ooie.
- 6.11 Moenie met ooie lol terwyl hulle by die ram is nie – vermy onnodige hantering vir periode van vier weke na besetting om resorpsie van die embryo te voorkom.
- 6.12 Sorg vir koel drinkwater en skaduwee gedurende warm maande.

- 6.13 Fetus-aanhegting begin op dag 14 tot dag 16 na bevrugting en is voltooi op dag 28 tot 35 na bevrugting. Gedurende dié periode kan die fetus maklik geresorbeer word.
- 6.14 Ooie moet tydens paar in 'n goeie voedingskondisie verkeer.
- 6.15 As daar in groot troppe in groot kampe met moeilike terrein gepaar word, bring ooie en ramme minstens eenkeer per week bymekaar deur hulle bymekaar te maak.
- 6.16 Paar verkieslik volwasse ooie en jong ooie apart.
- 6.17 Paar ooie in spaarkampe, veral in die lente
- 6.18 Moenie langer as 34 dae paar nie

## **7. MIDDRAGTIGHEIDSPERIODE**

- 7.1 Ooie moet hul massa (kondisie) gedurende dragtigheid handhaaf.
- 7.2 Jong ooie se massa moet gedurende die tweede en derde maand van dragtigheid met 5% toeneem.
- 7.3 Ooie kan  $\pm 42$  dae nadat ramme verwyder is vir dragtigheid en meerlinge skandeer word.
- 7.4 Hantering van ooie moet gedurende die eerste maand na besetting tot die minimum beperk word.
- 7.5 70% van die ongebore lam ontwikkel gedurende die laaste 6 weke van dragtigheid. Liggaamsmassa toename van tussen 15 en 20% van dragtige ooie oor die periode is ideaal. Dit is 150 – 250g/dag vir ooie met 'n enkelingfetus en 250 – 350g/dag vir ooie met meerlingfetusse.

7.6 Sonar ooie – as dragtigheid meer as 80% is, prul alle ooie wat droog is.

## 8. LAAT DRAGTIGHEID

8.1 Ooie moet in 'n goeie kondisie lam (minstens 3 kondisie-punt) – doen 'n kondisiepunt van die ooie weekliks tydens die laaste 6 tot 8 weke van dragtigheid – sodra hulle onder 'n 3-kondisie punt gaan, moet daar opgetree word.

8.2 Die hormoon estriol wat deur die plasenta afgeskei word, berei die ooi se uier voor vir laktasie – gee die ooie 'n lek wat ryk is aan deurvloei-proteïen.

8.3 Loop die draadheinings van die lamkampe deur en maak alle deurkruipplekke toe – lam verkieslik agter jakkalsproef of elekriese heinings.

8.4 Skerp predasie-bestuur op – moenie wag tot die ooie gelam het nie.

8.5 Deur die toepassing van bogenoemde praktyke kan ons die volgende verwag:

8.5.1 Lewenskragtige lammers (geboortemassa 3,5 – 5,5kg).

8.5.2 Voldoende uier-ontwikkeling vir maksimum melkproduksie

8.5.3 Maksimum ontwikkeling van wolfollikels vir leeftyd produksie

8.5.4 Voorkom tengervol

8.5.5 Voorkom domsiekte

## 9 LAMTYD - BEGIN STADIUM VAN LAM

- 9.1 Daar moet waar moontlik in klein kampies en klein troppe gelam word – sorg vir skuiling, koelte en skoon drinkwater.
- 9.2 Met elke 50 ooie waarmee lammertroppe vergroot, is gevind dat lamvrektes met 7,5% toeneem.
- 9.3 Lakterende ooie moet nie meer as 25 – 50g in liggaamsmassa (vir enkelinge) en 60 – 100g massa (vir tweelinge) per dag verloor nie.
- 9.4 Lakterende ooie moet vir 'n periode van twee maande nadat hulle gelam het goeie voeding kry. Die toepassing hiervan sal die volgende positiewe gevolge hê:
  - 9.5 Maksimum melkproduksie
    - 9.5.1 Verhoogde ovulasie met paring 180 dae later
    - 9.5.2 Verhoging in die aantal wolfollikels wat ontwikkel (verhoogde wolproduksie)
    - 9.5.3 Slegs een week se groen weiding na lam saam met genoegsame deurvloei proteïen kan ooie tot 'n hoë melkproduksie stimuleer

## 10. LAMTYD – TOT NA LAASTE LAM

- 10.1 Hou vol met predasie-bestuur
- 10.2 As die veldtoestand swak is, gaan voort met die deurvloei-proteïen lek.
- 10.3 Begin kruipvoeding aan die lammers gee.
- 10.4 Lam op spaarveld of aangeplante weiding – veral met 'n na-winter lammery.
- 10.5 Lam verkieslik tweeling-ooie en jong ooie apart.
  - 10.6 Skerp toesig op – stap elke dag twee keer rustig deur die ooie wat lam (geen honde nie) of doen die inspeksies te perd – let veral

op vir ooie wat sukkel om te lam of lammers wat hul ma's verloor het.

- 10.7 Merk alle lammers wat een van 'n tweeling is, met 'n spesiale merk.
- 10.8 Sodra die ooie klaar gelam het, "wet & dry" almal – prul ooie wat nie lammers by hulle het nie ("Wet & dry" op bl. 23 aangeheg).
- 10.9 As tweeling-ooie apart lam, moet die wat net een lam by haar het met merktyd 'n spesiale merk ontvang – sodra dit weer gebeur, word sy geprul.

## **11. LAMTYD - NA LAASTE OOI GELAM HET TOT SPEEN**

- 11.1 'n Ooi se melkproduksie piek sowat 42 dae na sy gelam het en neem dan vinnig af – dan moet die lam sterk begin vreet as hy wil goed groei – hierdie is die tyd om die ooie en lammers na nuwe kampe te skuif.
- 11.2 Maak seker al die lammers eet kruipvoeding en verhoog die hoeveelheid wat die lammers eet.
- 11.3 Doen basiese dieregesondheid bestuur op die lammers. Let veral op na parasiet besmetting
- 11.4 Doen 'n "wet & dry" op die ooie by speen – prul alle ooie wat nie 'n lam by haar het nie.
- 11.5 Los die lammers wat boepens is by hul ma's by speen – bring die ooie weer na twee weke in en doen 'n "wet & dry" – die boepens lammers se ma's sal skoon spene hê – verkoop hulle saam met hul lammers.
- 11.6 Voer van ooie gedurende laat dragtigheid en lamtyd
- 11.7 Voer laatoggend (08hoo tot 12hoo) – dit verminder laatnag lamming (22hoo tot 06hoo)
- 11.8 Moenie te vroeg soggens voer nie – ooie en lammers breek op wat lamvrektes verhoog

## **12 Voervloeibeplanning**

- 12.1 Beplan die veld, weiding en voedingsbestuur op so 'n wyse dat die ooi-kudde optimal gevoer kan word wanneer sy dit die nodigste het (tydens laaste derde van dragtigheid en tydens lamtyd).
- 12.2 Pas eerder die ooi-kudde se optimum behoefte by die voerbronne se produksie aan, as andersom.
- 12.3 Spaarveld en gespaarde voer is 'n integrale deel van voervloei-beplanning.
- 12.4 Sorg dat die plaas se belading in harmonie is met die plaas se drakrag – eerder effens laer as te hoog.
- 12.5 Maak voorsiening vir droogteperiodes – deur die korrekte belading toe te pas en met voerreserwes in die vorm van spaarveld en gespaarde voer.
- 12.6 Beplan die wyse waarop en wanneer die diere op die plaas verminder gaan word met 'n ontwikkelende droogte

## **13 ALGEMENE BESTUURSPRAKTYKE OM REPRODUKSIE TE VERHOOG**

- 13.1 Aanvullende en byvoeding
- 13.1.1 Laat dragtigheid is die belangrikste tyd om na die ooie se aanvullende en byvoeding om te sien – sy mag dan nie vermaer of kondisie verloor nie
- 13.1.2 Sodra die ooie gelam het, raak die voeding van die lam belangrik – kruipvoeding is een van die twee belangrikste “tools” vir vinnige lamgroei – die ander is om die ooie en lammers na goeie weiding te verskuif sodra die oudste lammers sowat 60 dae oud is

### 13.2 Die Gesondheidsfaktor

- 13.2.1 Gesonde diere het 'n goeie produksie – entings teen dodelike siektes is veral belangrik
- 13.2.2 Maak ramme en ooie skoon voor paring en gee minerale en Vit A
- 13.2.3 Maak ooie skoon voor lam en gee minerale en Vit A
- 13.2.4 Maak lammers skoon teen inwendige parasiete (soos melklintwurm, lintwurm en rondewurms) en koksidiose

### 13.3 Die tegnologie-faktor

- 13.3.1 Hoe korter die lamperiode hoe beter – gebruik tegnologieë soos KI en oestrus sinkronisasie
- 13.3.2 Gebruik groei-stimuleerders soos oor-inplantate
- 13.3.3 Intensifiseer die lamproses deur in lamhokkies, lamkrale, lamkampies, ensomeer te lam
- 13.3.4 Speen lammers vroeg en rond af in 'n voerkraal vir vinnige bemarking (moenie boepenslammers na die voerkraal neem nie – verkoop hulle dadelik)
- 13.3.5 Hoe swaarder 'n lam by verkoop is, hoe groter die boer se wins

### 13.4 KRUIPVOERMENGSELS

Grondstowwe	Mengsels		
	1	2	3
SS200 (kg)	150	150	200
HPK36 (kg)	100	100	150
Melassemeel (kg)	80	80	80
Mieliemeel (kg)	675	575	555
Fyn lusern (kg)	-	100	-
Totaal (kg)	1005	1005	980

Daar is verskillende mengsels beskikbaar. Gesels gerus met die veevoer agent om 'n mengsel saam te stel wat gepas sal wees met in agneming van die voer wat u reeds het.

## 14 KASTRASIE EN STERTAFSIT

- 14.1 Merk en kastrasie van lammers moet tussen 10 en 14 dae ouderdom gedoen word
- 14.2 Werk gedurende die koel tyd van die dag en wanneer lammers rustig is
- 14.3 Sny die stertjies van ooilammers na die derde lit af. Dit sal bydra tot die bekamping van brommeraannevalle en urien besoedelde wol. Ooie met langer stertjies is geneig om wanneer hulle urineer, die stertjies op te lig sodat hulle weg van hulself urineer.





- 14.4 Sit die lammetjie se stertjie langer af. Waar die velletjie om die anus aan die stertjie heg is dit gewoonlik die regte lengte. As die stertjie opgetel word moet dit net die vulva bedek.



- 14.5 Te kort afgesny. Die ooi aan die linker kant se geslagsdele is bloedgestel aan direkte sonlig wat kanker kan veroorsaak. Die puntjie aan die onderkant van die vulva kry 'n kanker en dan spreid die uriene op haar wol en kry ons meer brommer aanvalle.
- 14.6 Die ooi op die regter kant se stert is bietjie langer afgesit. Dit bedek die geslagsdele en beskerm so dit teen sonlig. Die stertjie kan ook bietjie waai en kan dan brommers makliker weg hou. Die stertjie maak dit ook baie moeiliker vir bosluise om aan te heg aan die agterkant. Die langer stertjie verminder ook die voorkoms van anale en vaginale prolapse. Dit help dus dat die ooi langer produktief sal wees en minder probleme ondervind word

## 15 DIE SPEEN VAN LAMMERS

- 15.1 Melkproduksie bereik 'n piek op ±drie tot vier weke na lam waarna dit afneem. Indien kondisies swak is, kan daar gerus in gedagte hou dat dit goedkoper is om 'n lam te voer as 'n ooi met 'n lam.
- 15.2 'n Goeie speenouderdom is 12 weke.
- 15.3 Speen lammers in die kamp waaraan lammers gewoond is.
- 15.4 Om stres te verminder kan 'n paar ou ooi by hulle gelaat word.
- 15.5 Gedurende droogteperiodes word dit aanbeveel om lammers, sodra hulle 200 tot 250g kruipvoer per lam per dag inneem, te speen.
- 15.6 Goeie voeding van ooilammers tot 'n ouderdom van 6 maande en verkieslik tot en met paartyd, is 'n goeie belegging. Hul leeftyd reproduksievermoë word hierdeur verhoog. Lammers wat die eerste paar maande van hul lewens onder 'n voedingstremming verkeer, sal minder lammers oor hul leeftyd produseer.
- 15.7 Wanneer toestande goed is, kan ooi met lammers suksesvol gepaar word. Ooi vat goed ram terwyl lammers aan hulle suip!
- 15.8 Indien getalle dit toelaat, kan die 10% tot 25% swakste lammers met speen by die ooi gelos word en kan die ooi weer een tot twee weke later “wet & dry” word. Ooi met uiers waarvan die spene

skoon is, is die moeders van hierdie swak lammers en daar behoort ernstig besin te word om hulle ook uit te skot.

## 16 INSTANDHOUDING VAN OOIKUDES

- 16.1 Vervang u teeltroppe met tussen 30 en 35% (droë jongooie) as persentasie van die getal grootooie wat by die ram was. Indien die jong ooitjies dragtig gesertifiseer is, sal 25% vervanging voldoende wees om die kudde in stand te hou.
- 16.2 Dit is 'n goeie praktyk om die verskillende ooi ouderdomsgroepe met verskillende kleur kleurplaatjies te identifiseer.
- 16.3 Ooie van 6 jr en ouer is minder produktief en behoort nie aangehou te word nie. (Dit is hulle wat nie hul lammers grootmaak nie, uierprobleme ontwikkel en oor die algemeen vir ons meer probleme gee.)
- 16.4 'n Vervangingspersentasie van 20% jongooitjies van die getal ooie wat by die ram was, is te min en het in die praktyk tot gevolg dat produsente al om die ander jaar of te veel ou ooie uitklas en dus meer jongskaap moet hou, of omgekeerd minder jongooie nodig het omdat hy dan kwansuis te veel ooie het.
- 16.5 Die aanbevole vervangingspersentasie het outomaties korrekte kuddesamestelling tot gevolg met die gepaardgaande voordele van die hoër inkomstes.

## 17. SKEERTYD

### 17.1 Algemene higiëne en kontaminasie bestuur

#### 17.1.1 Voorbereiding vir skeer

17.1.1.1 Wolskaapkuddes word afsonderlik van kruisras skape geskeer

17.1.1.2 Hou krale en vangkrale skoon van polipropileensakke en baaltou

17.1.1.3 Hou skeerhok skoon van voëlneste, sakke, baaltou, velle en chemiese middels

17.1.1.4 Maak seker dat skeerhokvloer skoon is van olie en chemiese stortings

17.1.1.5 Maak seker daar is voldoende vuilgoedhouers in skeerhok

17.1.1.6 Maak seker wolbakke is goed afgeskort

17.1.1.7 Sorg dat wol altyd droog gehou word

17.1.1.8 Verseker dat alle merkstowwe voor skeer van skape afgeknip is

17.1.1.9 Verseker alle onkruid, boetebos, ens. is voor skeer van skape verwyder

#### 17.1.2 Inspeksies voor en tydens skeer

17.1.2.1 Geen besems in die skeerhok wat besoedeling kan veroorsaak nie

17.1.2.2 Maak seker dat baaltou nerens in die skeerplek veral nie aan/op skêre en skeermasjiene gebruik word nie.

17.1.2.3 Skoenveters en lyfbande van skeerders is nievan baaltou nie

17.1.2.4 Sorg dat jy 'n stelsel in plek het om swart en bruin kolle tydens skeer te identifiseer

17.1.2.5 Gee spesifiek aandag daaraan om honde uit die skeerhok te hou

17.1.2.6 Maak seker dat u hooflyne goed geklasseer word.

17.1.2.7 Maak seker dat u onderlyne goed geklasseer word

#### 17.2 Verpakking

17.2.1 Maak seker dat u wolsakke voor skeertyd buite die skeerhok uitgeskud word.

17.2.2 Maak seker dat u wolpers se bakke stewig en in werkende toestand is en penne is skerp

- 17.2.3 Bin-baal verdeling is van papier
- 17.2.4 Gebruik slegs goedgekeurde Nylon wolsakke

### 17.3 Skeerhok higiëne

#### 1 17.3.1 Algemene begingsels

- 17.3.1.1 Moenie dooie diere in die skeerhok afslag nie
- 17.3.1.2 Moenie siek diere in die skeerhok aanhou nie
- 17.3.1.3 Moenie velle in die skeerhok droog of stoor nie
- 17.3.1.4 Na skeer moet alle wol verpak en verwyder word en skeertoerusting moet skoongemaak word.

#### 17.3.2 Ontsmettingsprosedure

- 17.3.2.1 Skeerders moet gereeld skoon aantrek – ‘n reël wat veral tussen plase geld
- 17.3.2.2 Die skeerhok moet  $\pm 7 - 14$  dae voor skeer ontsmet word
- 17.3.2.3 Elke skaap moet met ‘n ontsmette skêr geskeer word
- 17.3.2.4 Voorsien aan elke skeerder vloeistof met ontsmettings middel in waarin sy skêr geplaas kan word na elke skaap klaar geskeer is

#### 17.4 Volgorde van skeer

Jong skape moet eerste geskeer word; dié praktyk voorkom die verspreiding van absesse.

### 17.5 Algemene wenke voor en tydens skeer

- 17.5.1 Gebruik net opgeleide skeerders en klassers
- 17.5.2 Maak die skeerhuis behoorlik skoon voor daar geskeer word
- 17.5.3 Gebruik net goedgekeurde toerusting, wat nie besoedel nie, in die skeerhuis
- 17.5.4 Skeer alle merk-ink voor die tyd af
- 17.5.5 Maak seker dat die skeerhuis goed ontwerp en ingerig is – dit verhoog skeerproduktiwiteit
- 17.5.6 Gebruik die vorige skeersel se skeersel samestelling om die hooflyne vooraf uit te sit
- 17.5.7 Ontleed elke skeersel om te bepaal of die skeersel goed geklasseer was

17.5.8 Hierdie is die tweede belangrikste tyd om op die plaas te wees en self toesig te hou – die belangrikste tyd is die laaste derde van die ooie se dragtigheid en wanneer hulle lam

17.5.9 Maak seker vanghokkies is voldoende en nie te ver vanaf skeerplatform

## 18. HANTERING VAN SKAPE

Die goeie veeboer word gemeet aan sy vermoë om 'n dier te hanteer. Enige hantering van diere veroorsaak stres. Stres op sy beurt stel hormone vry wat die diere se vermoë ten opsigte van die volgende beperk:

- Siektes te bestry
- Reproduksie
- Produksie

### 18.1 Ander redes waarom skape reg hanteer moet word

- Dit verminder beserings aan werknemers – verhoog produktiwiteit
- Dit verminder beserings aan diere – verlies aan produksie
- Verminder verlies aan tyd en arbeid
- Verminder verlies aan vleis by abattoir – gekneusde vleis

### 18.2 Beplanning van kraal- en drukgang geriewe

- Skape hou nie daarvan om afdraend te loop nie.
- Skape loop makliker teen die wind in.
- Skape sukkel om te loop met direkte sonlig in oë, maar loop wel beter teen die son in – skaduwee moet agter hulle wees.
- Die drukgang moet so geplaas wees dat skape nie die indruk kry dat hulle in 'n doodloopgang inbeweeg nie.

### 18.3 Verhongering tydens skeertyd veroorsaak stres

- Energiebehoefte neem toe met 30%
- As dit koud en nat is, neem energiebehoefte met 100% toe

- As skape 36 uur onderdak was, vat dit 6 dae voor hulle weer normaal vreet

#### 18.3.1 Wat kan ons doen om stres te verminder?

- Goeie gehalte hooi is belangrik in die winter en vroeë lente wanneer verliese maklik voorkom
- Ruvoer is noodsaaklik om normale rumenfunksie in stand te hou en help om skape se eetlus na normaal te kry.
- Die belangrikheid van beskutting  
As dit 0° buitekant is en die wind waai teen 40km/uur, dan is die aanvoelbare temperatuur -15°. 'n Ry bome in die pad van die wind verminder die windspoed in die geval na 8km/uur, terwyl die aanvoelbare temperatuur slegs tot -4° sal afneem.

#### 18.4 Enkele drukgang spesifikasies

- 'n Enkel drukgang kan tussen 525mm en 640mm wyd wees. Die hanteerder werk aan die buitekant van die drukgang.
- 'n Enkel drukgang kan ook tussen 700mm en 800mm wyd wees. Die hanteerder werk **binne** die drukgang.
- Drukgang en krale moet gelyk wees.
- Maak seker hanteringsfasiliteite is sonder opstruksies wat diere kan beseer

## 19 Dosering

19.1 Doseer skape waarvan die kondisie af is.

19.2 Moet nooit die hele trop doseer nie – los minstens 10% ongedoseer om die moontlikheid van die opbou van weerstandbiedende parasiete te beperk.

19.3 Maak seker dat die doseerspuit die regte hoeveelheid middel lewer, kalibreer doseerspuit.

- 19.4 Doseer volgens die dier se gewig – Weeg tien skape en neem boonste derde se gewig om hoeveelheid doseer middel te bepaal.
- 19.5 Skud die middel goed voordat daarmee doseer word.
- 19.6 Wissel doseermiddels af volgens aktiewe bestanddele
- 19.7 Doseer skape in die drukgang – hulle moet weg van jou kyk
- 19.8 Onthou dat ‘n skaap wat sê bek vertikaal opgelig word, nie kan sluk nie – doseermiddel kan in die longe beland!
- 19.9 Doseer altyd met die kop in ‘n normale posisie – effe opwaarts
- 19.10 Druk die sneller van die spuit geleidelik en moenie los voordat die spuit uit die dier se bek verwyder is nie
- 19.11 ‘n Algemene riglyn is om 6 weke voor paar te doseer, 6 weke voor lamtyd te doseer en ook 6 weke na lam.